Like us on Facebook
FOLLOW US ON Instagram
Follow Us On twitter

Die Arend

Januarie—Augustus 2018

Raad vir Matriekafskeid Bl.3

Bl. 9

Die Jansen-Bom

Dit vat meer as 15

Duané Kitching

Die TuksSkole-reeks is die grootste reeks van sy soort in Suid-Afrika. Die aantal sportsoorte en ook die aantal lede van beide geslagte maak van die reeks die leier onder dié soort reekse in Suid-Afrika. Die reeks het aanvan-klik begin as 'n rug-byreeks waarin skole gepoog het om week na week teen kwaliteit
opponente mee te ding. Die Tuksreeks bestaan uit rugby, netbal, seunshokkie, dogtershokkie, gholf, landloop, skaak, tennis en muurbal.

EG Jansen is al vir 16 jaar deel van die reeks. Op 5 Mei 2018 het die Tuks - finale plaasgevind by die LC de Villiers - Sportgronde by Tukkies in Pretoria. Dit is hier waar Transvalia en Dr. EG Jansen se eerste spanne die eerste keer die seisoen koppe gestamp het. Tansvalia het met ''n oorwinning van 82-14 met die 3de plek weggestap in die Tuksreeks.

Die Top 6 spanne lyk soos volg : Monument, Menlopark, Transvalia, EG Jansen, Garsfontein en Rustenburg.

Met ons harte in ons keel het almal 2 Junie in Ougoud, Rooi en Swart opgedaag omdat Jansen weereens teen Transvalia in die Virseker – beker kragte gemeet het. Die meeste mense, insluitend die Virseker-bekerspan wat op KykNet uitgesaai het, het in Jansen getwyfel, maar ons stap egter op die dag as trotse oorwinnaars weg. Dit was beslis die wedstryd van die dag toe die Jansen - Bom, Transvalia opgeblaas het met 'n oorwinning van 43/24.

Hulle wen ook teen HTS Middelburg met 94/32. Van die afskop af het die die Arende gesweef op die veld. Die volgende spelers het drieë gedruk: **Franco Enslin** , **Dylan Schwartz** en **Tylon Kotze** het 'n paar keer agter die doel-pale gaan kuier. **Aurelio Philander** het 18 punte aangeteken met sy skoptalent wat Jansen nooit teleur sal stel nie.

Dian Coetzee, haker, som rugby op in een woord - **"PASSIE"** en sê dat dit die lekkerste wedstryd was toe hulle Transvalia gewen het.

Volgens Beeldjoernalis, Wim Pretorius, het Len Olivier (Rugby - Direkteur) nie gedink het dat die wedstryd teen Transvalia so sou uitdraai nie. Op Len se Instagram sê hy die volgende: "I've never been part of such an amazing turnaround … super proud of the team. After taking a massive beating by one of SA's best u/18's just a view weeks ago, we turned it around to beat them today. Rugby has this incredible way to bring people toge-ther. All glory to the Great I AM."
Sonder ondersteuning sou die dag nie so groot sukses gewees het nie. Ek sluit af met die woorde van Herman Masimla, SARU
Talent Scout van die Springbokke:

"It takes more than 15 players to grow from GRASS-ROOTS to GREATNESS."

UIT DIE HOOF SE KANTOOR - BL. 2
Kultuur - Bl. 4
Hemelvaart - Bl. 6
Hoekom lyk hulle so snaaks ? - Bl 7 en 8
Rugby Helde - Bl. 11 & 12
Netbal - Bl. 10
Jansen se top 10 Onnies Bl. 3
Webb broers boks hul weg oop - Bl. 13
Atletiek - Bl. 6 & 13

Brandon Becker op 5 Mei by Tukkies. Foto: Frans Lombard

Dian Coetzee (haker) - 2 Junie 2018. Foto : Manie's Action Pic's

Tylon Kotze (14) - 2 Junie 2018 Foto : Anoniem

Meneer en Mejuffrou Jansie 2018

Anoniem

Op 21 April het die mooistes van die mooistes deelgeneem aan die Mnr en Mej Jansie skoonheidskompetisie by Dr. EG Jansen. Die hoofmeisie Christi-Lee Zevenbergen en sjarmante meneer Lerm was die aanbieders. Dié prag-aand was georganiseer deur Mev. Magda Scholtz.

Volgens juffrou Scholtz wil sy net baie dankie sê aan elke Jansie wat deelgeneem het. "Julle was voorwaar Jansies om op trots te wees!"

Dankie aan ons gaskunstenaar , Dirk van der Westhuizen, wat die aand behoorlik skop gegee het en *smiles* op baie se bakkies gesit het.

Dankie aan die volgende borge vir hulle bydrae tot 'n baie suksesvolle aand:

1. Bianca Birnie - Queen of Africa 2018
2. Lesley Rae van Staden - Leading Lady SA
3. Rose Clothing Design
4. Ackermans Apteek
5. Face and Body Studio
6. Gooi Kole Braaishop (vir ons pragtige voorportaal)

Dankie aan al die ondersteuners, julle was 'n gehoor duisend. Baie geluk aan die volgende wenners:

Junior Meisies 2018 :
Wenner - Jenique Botha. Eerste Prinses - Cathleen Strydom. Tweede Prinses—Desiré Labuschagne

Junior Seuns 2018 :
Wenner—Zamian Martin. Eerste Prins—Wandré Wolmarans en Tweede Prins Ryno van Aswegen

Senior Meisies 2018 :
Mej. Fotogenies - Lavern van der Broek , Mej. Persoonlikheid - Belinda van Aarde , Tweede Prinses- Chinique Joubert , Eerste Prinses - Bernice Swartz en die Wenner - Charlize van der Merwe

Senior Seuns 2018 :
Mnr Fotogenies - Dian Coetzee, Mnr. Persoonlikheid - Benji Piek (afwesig op foto), Tweede Prins Jaunray Sameul , Eerste Prins - Nathan Hunter en die Wenner: Ryan Smith.



Bo : Junior seuns : Wandré Wolmarans , Zamian Martin en Ryno van Aswegen

Bo : Junior Meisies (van links na regs)

Cathleen Strydom, Jenique Botha en Desiré Labuschagne

Links : Senior meisies (linkas na regs) Lavern van der Broek , Belinda van Aarde , Chinique Joubert , Bernice Swartz en die Charlize van der Merwe

Sweef jy op vlerke ?

Redaktrise : Duané Kitching

Ek glo dat 2018 sover vir elkeen van ons beslis ń jaar is waarin daar baie goeie goed sowel as slegte goed gebeur het. Hoe hanteer ons alles wat gebeur? Wie of wat definieer jou? Dit is wonderlik om te sien hoe ons as mense ons lewens aanpas en verander om in te pas of aanvaar te word. My vraag is egter sweef jy op vlerke of is jy te bang om jouself te wees?

Selfbeeld is defnitief belangrik - almal stem hiermee saam, maar steeds het min mense regtig innerlike tevredenheid oor wie en wat hulle is! Selfbeeld is die prentjie wat jy van jouself vorm - jou mening oor jou voorkoms (hoe lyk ek?), prestasie (hoe presteer ek?) en verhoudings (hoe belangrik is ek?).

Is jy tevrede met jouself ? Of is daar goed in jou lewe wat jy nie doen nie omdat jy bang is om uit te staan, gesien te word of gekritiseer te word? Wel, ons **IS** gemaak om uit te staan. Elkeen van ons is uniek en spesiaal daarom mag jy **anders** wees!

Hoe hanteer jy ander mense wat anders is of dinge anders doen as die norm - is jy een van die mense wat veroorsaak dat mense te bang is om hulself te wees?

Ons is hier om die beste in ander mense na vore te bring en hul selfbeeld of selfvertroue ń hupstoot te gee. Jy is nie altyd in beheer van dit wat gebeur nie, maar jy is in beheer van hoe jy daarop reageer. Jou houding is die enigste ding waaroor jy totale beheer het.

Ons word NIE gedefineer deur wat ons het, hoe ons lyk of hoe ons presteer nie. Ons word gedefineer deur wie ons is as mens, jou integriteit, beginsels, waardes en geloof. Dit is wat maak wie jy werklik is.
Dit maak nie saak hoe ander mense jou sien nie, maar eerder hoe jy jouself sien.

Leef elke dag met passie, deurnis en onvoorwaardelike liefde. Virseker dat elke dag jou laat groei as mens en maak 'n verskil in ander se lewens. Sweef jy op jou eie vlerke of opinies van mede Arende , die keuse is joune! Maak die res van 2018 **JOU** jaar.

Nog beter!

Duané Kitching

Zest4Life@DrEGJansen het baie opwindende dinge wat gaan gebeur! Daar is 'n

nuwe snoepie - area opgerig by die netbalbane.

In Oktober gaan daar gestem word of die Juniors die nuwe area kry en Seniors bo by die rooidakkies bly.

Zest wil dus probeer om al die kinders, die juniors en seniors te akkommodeer. Tannie Yvonne en oom Mike Stassen het hierdie briljante plan in 'n aksie omskep en die nuwe fasiliteite opgerig wat Jansen net nog 'n beter skool maak.

Zest het die nuwe fasiliteit opgerig, want dit is die sosiale bymekaarkomplek van die skool. Zest is die leerlinge se plek en die hartjie van Jansen. In die eerste week van die Julie-vakansie is daar 'n proefloop gedoen. Die plek is oorstroom met netbal – ouers van regoor Gauteng wat daar gesit en kuier het. Dit het beslis bewys dat die nuwe fasiliteit 'n lekker kuierarea gaan word.

Is jy IN of is jy UIT?

Gr.10-Jansies sê watter tien goed is reg en wat is weg !

IN

Musiek
Gospelmusiek
Trap
Sosiaal verkeer
Adidas Boost
Superga's
Rek sweatpants
Lang tights
Positiwiteit
Hoë kouse
Factorie
Geskeerde beenhare in die somer

UIT

Bootlegs
Rekbroeke
Stovepipe - jeans
Rook
Slegte vriende
Aandagsoekers
Presley's
All Stars
Tomy skoene (al lankal)
Guess vir seuns

Mevrou Suid-Afrika Finalis.

Foto : Mev. Suid-Afrika fotograwe

Brunhilde Olivier is rugbydirekteur, Len Olivier se eggenote. Brunhilde het Saterdag , 30 Junie gekwalifiseer vir Mev. Suid-Afrika se Top 25 . Baie sterkte vir die pad vorentoe. Jansen is baie trots!

UIT DIE HOOF SE KANTOOR.

LF de Beer

Baie welkom terug na 'n welverdiende ruskansie. Dit is werklik 'n geval van baie werk en min dae wat oorbly. Ons sien uit na 'n kleurvolle revue wat binnekort op die planke gebring word. 'n Suksesvolle sportseisoen is ook besig om tot 'n einde te kom en ons hoop die laaste hekkie word ook met sukses oorbrug.

Ons versoek dat leerders ernstig begin fokus op akademie veral ons matrieks wat binnekort met die Rekordeksamen begin. Ons sien uit na 'n suksesvolle maar baie besige kwartaal. Sterkte aan elke ouer, leerder en onderwyser.



Kaytlyn van der Westuizen en Ruan Swart.

Dian Coetzee en Zonique Martin.

Belinda van Aarde en Ryan Smith.

Rhyno Fourie en Monique van der Westhuizen .

Kara Momberg en Ewalt Kriek.

Hoe om 'n meisie Matriek-afskeid toe te vra.

Anoniem

Buiten die rok en die wiele ,beteken die matriekafskeid baie meer as net om raakgesien te word op die aand.

Het julle manne al aan idees gedink hoe jy daardie spesiale dame gaan saamvra as metgesel na die groot aand?

Buiten vir ń meisie se troudag is die matriekafskeid die tweede grootste dag in haar lewe. Dit is die afskeid van herinneringe,stres en ń dag waarvoor sy wag al vandat sy 14 jaar oud is.

Ek het met ń paar idees opgekom wat dalk van hulp sal wees:

1. Reël met haar ma om jou te help met die een.

Maak ń hart op haar kamervloer met roosblare en hier en daar ń kersie,miskien ietsie om te eet en drink, natuurlik al haar gunstelinge. Sit ń groot teddiebeer langs die hart met ń mooi kaartjie: "Sal jy my die eer gee om saam met my matriekafskeid toe te gaan." Wanneer sy by haar kamer inloop, speel haar gunsteling liedjie en as sy klaar die briefie gelees het dan kom jy agterna in met ń bos blomme.(Probeer uitvind wat haar gunsteling is)

2. Kyk hoe lyk haar rooster vir die dag. Reël met agt onderwysers vir agt periodes: as sy by die klas inloop moet daar ń briefie met een woord op en ń roos vir haar wag. Die woorde moet wees:"SAL JY SAAM MET MY MATRIEKAFSKEID TOE GAAN". Maar die sin moet geskommel wees sodat sy nie dadelik sal weet wat die sin sê nie. Met die laaste woord in periode 8 staan jy met ń strik om die bos blomme vas te bind - dan kyk jy net diep in haar oë en vra GROOT,asseblief?

3. Skryf vir haar ń oulike gedig en vra vir die skoolhoof of jy dit met opening in die saal na die verrigtinge voor almal verdaag, vir haar kan voorlees. Laat die hoof haar verhoog toe roep dan lees jy die gedig vir haar voor almal. As sy dan ja sê ,dan gee jy vir haar die grootste bos blomme wat jy kon kry.

4. As sy jou meisie is, maak ń "slideshow" van al julle foto's en spesiale boodskappies saam met julle gunsteling liedjie as agtergrondmusiek. Vra een van jou onderwysers om dit vir haar op die truprojektor te speel. Vra die onderwyser om jou te help dat dit vir haar ń verrassing sal wees.

5. Neem haar uit vir ete na ń Chinese restaurant en reël met die sjef om vir haar ń spesiale "fortune cookie" te maak met n briefie in wat vra of sy saam met jou matriekafskeid toe sal gaan.

6. As jy oulik is met ń kitaar of musiekinstrument skryf vir haar ń liedjie waarin jy haar vra om jou metgesel te wees. Trek ń oulike uitrusting aan en sing dit vir haar voor ń gehoor. As jy klaar vir haar gesing het dan gee jy vir haar ń mooi blink haarknippie met pêrels of diamantjies op om in haar hare te sit vir die matriekafskeid.

7. Bestel vir haar 9 pienk ballonne en een wit helumballon. Sit in elke ballon ń notatjie met verskillende komplimente in soos hoe mooi sy is, hoe oulik sy is, hoe spesiaal sy is en nog meer wat sy vir jou beteken.Sit dan in die wit ballon die briefie wat haar saamvra matriekafskeid toe. Sy moet elkeen natuurlik eers bars om die boodskappie te kan lees.

Onthou manne dit is ń baie groot en spesiale aand in ń meisie se lewe, iets wat sy vir altyd sal onthou. Maak die uitnodiging en die aand spesiaal en laat haar soos n prinses voel. Daar is só baie idees wat jy aan kan dink, gebruik net jou verbeelding - "the sky is the limit!".

Vasgevang in Tienertoneel

Monique Webster

Ses vrouens word gevange gehou in die wêreld van hul meesteres! Hulle lewe het verander, hulle wêreld het verander en hulle sieninge het verander! Wie hulle was, is al reeds vergete en hulle het 'n nuwe rol in hul samelewing ingeneem - meer konserwatief en gedisiplineerd, maar net voor hulle gemaklik raak, kry hulle 'n nuwe gevangene by wat dinge goed deurmekaarkrap. Sy herinner hulle weer aan wat was , en wat is en hierdeur steek sy weer 'n nuwe vuur en passie in die vrouens aan. Gaan hulle haar aanvaar? Gaan hulle kan onthou wie hulle eens was? Gaan hulle wil terugkeer na 'n wêreld waarin hulle vry kan rondbeweeg?

Dit is weer tyd vir die jaarlikse Tienertoneel en weereens waarborg díe groep vir 'n onvergeetlike vertoning. Hierdie jaar se toneel is 'n verwerking van Die Voëlhok deur David Campton met Zijn van Zyl wat as regisseur 'n briljante , vars weergawe daarvan op die planke bring. Die Tienertoneel tree 8 Augustus by die Roodepoort Teater op waar hulle gaan deelneem aan die jaarlikse ATKV-tienertoneelkompetisie. Die span wat Zijn saam met hom vat is : Shano-Lee Potgieter, Twané Nelson , Monique Webster , Christi-Lee Zevenbergen , Danielle Ackerman , Dominique Steyn , Zanthé Potgieter en Simoné de Jager. Die toneelspan is tans hard aan oefen met repetisie wat hervat tydens die Julie - skoolvakansie. Ons staan bankvas agter díe span en glo dat Zijn hulle na nuwe hoogtes toe sal lei en dat hulle met vlieënde vaandels sal slaag!

Jansen se top 10 onnies.

Jade Piek

Ek het ongeveer 40 leerders gevra vir hulle Top 10 - onnies in ons skool, Die is hoe dit verloop het:

IN DIE **TIENDE** PLEK:

Juffrou M. Knoetze
Die energieke VCSV - juffrou wat ons skool die kwartaal gaan verlaat se gees en inspirasie het ń groot inpak op ons leerders gehad.

IN DIE **NEGENDE** PLEK:

Juffrou E. Pelser
Die Juffrou met die beste advies en sy kan dadelik agterkom wanneer ń leerder ń probleem het.

IN DIE **AGTSTE** PLEK:

Juffrou M. Smith
Ons skool se persoonlike toergids,fotograaf en 'fashionista'

IN DIE **SEWENDE** PLEK:

Juffrou A. Cloete
Die energieke, vriendelike, Coke- verslaafde klein REK - juffroutjie.

IN DIE **SESDE** PLEK:

Juffrou S. Lubbe
Die kulinêre - juffrou wat die beste wenke en toertjies in die kombuis ken.

IN DIE **VYFDE** PLEK:

Meneer A. Van Niekerk
Meneer Dexter ook bekend as DJ DEX werk altyd agter die skerms en is altyd op hoogte met die nuutste weergawe van miE - books.

IN DIE **VIERDE** PLEK:

Juffrou E. Aukamp
ń Juffrou na aan baie leerlinge se harte.Veral die graad 12 - wiskundeleerders.

IN **DERDE** PLEK:

Meneer L. Stols
Meneer Stols is die beste geskiedenisonderwyser en een van die wysste mense wat ek ken. Hy het selfs sy eie handboek - die STOLSHANDBOEK- en ek het al iets uit elke volume geleer.

IN DIE **TWEEDE** PLEK:

Juffrou M. Scholtz

Juffrou Scholtz is die juffrou wat die klein, streng en sterk wapen dra, maar tog terselfdertyd omgee en barmhartigheid uitleef wat ons almal nodig het.

EERSTE PLEK:

Meneer J.Lerm
Daars baie woorde wat meneer Lerm beskryf - dis egter moeilik om die regte woorde te kies. MAAR beslis INSPIRASIE en 'n ROLMODEL vir elke leerling in E.G.Jansen...

Gauteng Redenaars

Redenaars – Organiseerder
Mev. Magda Scholtz

Op 26 Mei 2018 het Hoërskool Dr. E.G. Jansen aan die GAUTENG REDENAARS ,by Hoërskool Linden, deelgeneem. Dit was die eerste keer wat ons deelgeneem het en die 12 leerlinge het hulle uitstekend van hulle taak gekwyt.

Die uitslae was soos volg:

GRAAD 8 VOORBEREID
Vianette de Kock - Tweede
Jaques Steyn - Agste
Joanique du Toit - Negende

ONVOORBEREID
Kimé Steenkamp - Wenner
Vianette de Kock - Tweede
Reynard Nel - Vyfde

Daar het vier JUNIORS as graad 9's deelgeneem aan die Spanredenaars en hulle het weggestap as die wenners. Die groep bestaan uit Joanique du Toit, Vianette de Kock , Reynard Nel en Jayden Roux.

GRAAD 9 VOORBEREID
Jayden Roux - Negende

GRAAD 10 VOORBEREID
Danandie Kroukamp - Vyfde
Jeandré Nel - Agste

GRAAD 11 VOORBEREID
Charleen du Plessis - Vyfde

GRAAD 12 VOORBEREID
Duané Kitching - Wenner

ONVOORBEREID
Duané Kitching - Tweede

Die senior spanredenaarsgroep het bestaan uit Marco Venter, Jeandré Nel, Alyssa Trahms en Danandie Kroukamp. Hulle het 'n tweeede plek behaal.

Algeheel het Jansen baie goed gedoen en was 3de met die Voorbereide redenaars uit al die skole. Met die Onvoorbereide redenaars was Jansen algeheel tweede. Ons spanredenaars was ook derde. Die skool verwerf 'n algehele tweede plek in die kompetisie.

Baie geluk. Julle het julle uitstekend van julle taak gekwyt. Julle is Jansies om op trots te wees.




Kamerkoor 2018

Juf. Jeanne-Marié Booysen en tannie Karin Steenkamp.

Ons het in Februarie, 2018 met 'n nuwe kamerkoor begin. Die koor bestaan tans uit 24 lede. Oefentyd is Donderdae 18:30-20:00. Ons het 'n interessante repertoire! Toegewydheid is verpligtend!

Ons het 'n heerlike kamp gehad aan die begin van Mei en het baie hard gewerk! (sing en speel).

Op 25 April 2018 het ons by die Opedag opgetree, by die Interskole Redenaars op 22 en 23 Mei en by die Vivarte Kunswedstryd , waar die koor 94% en 95% behaal het.

Daar is belangrike datums wat voorlê in Oktober en September. Die Germiston Kunswedstryd vind 15 September plaas en die eindkonsert 26 Oktober. Hier en daar gaan daar nog optredes wees.

Indien jy belangstel om jou sangtalent ten toon te stel, gee jou naam vir mev. Johanita Nieuwenhuizen in klaskamer 45.

Vivarte Kunstefees

Anoniem

Dr. EG Jansen en die Vivarte Prestige - prysuitdelingsaand was 'n reuse sukses. Die Vivarte Kunstefees, wat plaasgevind het vanaf 2-16 Mei, het groot talent opgelewer - van voorskool tot graad 12.

Wenners van al die verskeie afdelings is op die prestige - aand aangewys. Deur die loop van aand het van die deelnemers wat uitgestaan het gedurende die fees, hulle items vir die gaste opgevoer. Danielle Ackerman en Keegan Roux het onder andere hul sangitems en Joanique du Toit haar dansitem opgevoer. SP Potgieter en Keegan Roux het gesamentlik met die X - faktortoekenning weggestap. Die volgende leerders van Dr EG Jansen het tydens die aand toekennings ontvang:

Graad 8 en 9:
Joanique du Toit,Kimé Steenkamp, Anelya Malan, Desire Labuschagne, Jaques Steyn, Kayleigh Lubbe, Gustav Pretorius, Andries Joubert, Megan Ooshuizen, Alyssa-Lee Bann, Erin Patience, Jayden Roux, Vianette de Kock en Reyard Nel.

Graad 10, 11, 12:
Simoné de Jager, Lara Taylor, Calista Clark, Noelene Swanepoel, Llewelyn Marais, Danandie Kroukamp, Zanthé Potgieter, Bernice Swartz, Reon Jordaan, Duané Kitching, Keegan Roux, Tristen Jansen van Vuuren, Nicole Page, SP Potgieter, Christi-Lee Zevenbergen, Michaela Potgieter, Tanya Stapelberg, Cameron Marx, Wilna Malan en Vinette Joubert.

Interskole Redenaars 2018

Mev. Magda Scholtz

Op 22 en 23 Mei 2018 het die volgende skole aan die Interskole Redenaars deelgeneem: Hoërskool Dr. E.G. Jansen (gasheerskool),Hoërskool Oosterlig, Hoërskool Hans Moore en Leeuwenhof Akademie. Daar is redenaars van hoogstaande kwaliteit gelewer en elke skool kan voorwaar trots wees op hulle leerlinge. Hoërskool Dr. E.G. Jansen se junior- en senior spanredenaars, koor en dramastudente het ook opgetree en hulle uitstekend van hulle taak gekwyt.

Die uitslae was soos volg:

In graad 8 was Jaques Steyn derde. Graad 9 was Jayden Roux tweede. Danandie Kroukamp in graad 10 was tweede. In Graad 11 het Bernice Swartz 'n derde plek behaal. By die Graad 12 deelnemers het Jansen twee sterre gehad . Keegan Roux het 'n derde plek behaal en Duané Kitching is as wenner aangekondig.

Baie dankie aan ons beoordelaars mevv. J.M. Booysen, H. Kruger en M. Keyser en ons voorsitters Donovan Swanepoel en Twané Nelson. Julle was uitstekend en het net geweet wat om op die regte tye te sê.

Foto: Juf. Keyser

VLNR: Mev.J.M. Booysen, Duané Kitching (Gr.12 - wenner), Lara Jobe (Gr.11 wenner - Leeuwenhof Akademie), Nicola du Toit (Gr.10 wenner - Hoërskool Oosterlig) en Me. M. Keyser.

Hartklop teen myne

Tristan Jansen van Vuuren

Jou glimlag teen my wang
jou asem deur my hare
en elke dousag soen is vir my
my sonsopkoms
en goue druppels lug

Trek jou nader
wieg wieg saam
en dankie vir jou hartklop
teen myne

Jou glimlag teen my wang
jou asem deur my hare
en elke dousag soen
is vir my
my sonopkoms
en goue druppels lug

Jansie Magic.

Haylee Bronkhorst

Na afloop van die kamp was ons hard besig om te oefen vir die groentjiekonsert, ons verwagtinge was hoog en ons was baie opgewonde. Seerowers, nage-maakte onderwysers, skoolkinders met houdings wat enige moeder se hare sal laat rys en nog meer, almal op soek na die Jansie Magic. Die oefening het ons nader aan mekaar gebring en almal het mekaar beter leer ken. Nuwe vriende word op snaakse maniere gemaak.

Karakters, tyd, dekor, kostuums was eerste op ons lys en die tyd min met baie om te doen. Danksy die Jansieraad wat nooit moed opgegee het nie, was ons reg om aan die wêreld te wys wat en waar die Jansie Magic is.

Twee aande van optredes, ouers wat trots sit en wag vir die groot oomblik, senuwees wat gedaan is agter die skerms. Maar opgewonde het elke klas sy optrede gedoen en gewys dat die Jansie Magic in elke een van ons is op sy eie spesiale manier. Ons het gesorg vir baie vermaak, lag, trane en ‘n paar vergete woorde. Die Jansieraad het ook ‘n item opge-voer en ons was trots om deel van hierdie span te kon wees.

Na afloop van die groentjiekonsert, het ons ‘n partytjie gehou om afskeid te neem van die ontgroening en konsert. Hierdie tye van vreemdelinge laat saam werk aan iets, is beslis Jansie Magic, met seer spiere maar trotse harte, het ons so baie geleer en sal ons van die lewenslesse wat ons geleer saam met ons dra in die jare wat voorlê.

Foto : Anoniem

Perdry

Organiseerder- PERDRY
Mev. Estie Aucamp

Die "Qualifier 4" het die eerste naweek in Junie plaasgevind. Dit het ook gepaard gegaan met 'n parade waaraan al die skole deelgeneem het.

Werner Bouwer het skitterend presteer. Hier is sy uitslae: Performance riding 1ste, Caprilli toets 1 1ste, Working riding 2e, Handy hunter 2e , Caprilli toets 2 3de, In hand 3de en Equitation 5de.

Jae - Lee Enslin het 'n 2e plek en twee 5e plekke verower en Monica Leeuw het 'n 5e en 11e plek gekry.



Van “Zero” tot “Hero”.

Haylee Bronkhorst

Hoërskool, die eerste stap van die laaste hoofstuk van ons lewe. Bang, onseker maar tog opgewonde het ons vir die eerste dag van “grootskool” opgedaag. Reg om in klasse ingedeel te word en na ons ontgroeningskamp by Kwalata te vertrek. Min het ons nuwe graad agt kinders geweet wat op ons wag.

Met ons aankoms by Kwalata is ons gedoop tot “Radio-aktiewe vertakkings van die filogenetiese-boom, genes underdog proefbuisbaba’s”
Die Jansieraad is aan ons voorgestel en ons het sommer dadelik met ontgroening weggespring. ‘En hier het ons gedink ons is op vakansie’, ons wildtuinnaweek het begin met elke klas wat ‘n dier gesimboliseer het, van renosters tot koedoes. Elke groep het sy eie Jansieraadlid gehad en ons het vinnig nuwe krete geleer en bewegings uitgewerk en daar was sommer vining gesonde kompetisie tussen die klasse. Die dag het vinnig verbygegaan en almal was verlig toe ons na lekker aandete kon gaan slaap. Net in droomland, word ons wakker gemaak met opdragte om die Jansieraad se name te leer en te ken. Gelukkig kon ons nog ‘n uur se slaap inkry voor die hane weer begin kraai het.

Vroegoggend het ons gehardloop om ‘n stort oop te kry. Spanbou het begin, elke klas het verby stasies gegaan waar ons die skoollied, reëls en onderwysers se name aangeleer het. Die boeresport was vet pret, maar die modder swem was grillerig vir sommige meisies, natuurlik het dit die seuns vermaak en almal laat lag. Snoepie - koop en swem was lekker “ kenmekaar” - tyd. Die Kwalatapersoneel het ons geleer van die natuur en die diere om ons.

Min slaap word herhaal en ons kry blaarbabas om “groot te maak”. Beplan ons babas se toekoms met name, beroepe en ouers. Jy en jou boomman skei en jy huil hard saam met jou baba. Sing en dans was deel van die aand. Het jy geweet die Jansieraad het ‘n spook? Ons het vining vir die ‘spook’ spore gemaak. Trots met ons rooi Jan-siehemde het ons die kamp oorleef. Die tyd het so vining verbygegaan. Ons het so baie geleer van die Jan-sieraad, hoe om vinng te dink, saam as ‘n span te werk en nuwe vriende te maak. Die CSV was inspirerend en ons het nuwe moed vir die groot skool gekry.

Dankie aan die Jansieraad wat ons “underdogs” van ‘n **zero** na ‘n **hero** verander het. Die laat aande in die reën en die weghardloop van ‘n ‘spook’ was beslis die moeitewerd. Ons is nou ware Jansies.

Eerstejaars Revue-Ontgroening

Revue 2018

Duané Kitching

Kom spuitverf jou lewe met ons kleurvolle graffiti-revue die Julie en Augustus 2018! Hierdie Revue gaan beslis iets wees om te onthou en sal jou hart in volkleur laat bokspring.

Hierdie jaar is die tema Graffti en dit beoog om elke ondersteuner se hart én hul kreatiewe denke te prikkel. Daar is liedjies van Queen regdeur tot die nuutste Greatest Showman wat jou asem **sal** wegslaan.

Ons soliste is iets besonders daa-rom MOET jy die Revue in lewende lywe beleef. Manne en meisies daar is iets vir elkeen van julle, vir oud en jonk!

Die optredes is vanaf 27 Julie (skoolaand) tot die 3de Augus-tus. Daar is kaartjies beskik-baar by die finansiële kantoor:
R 30 - Skoolaand
R 60 - Teateraand (28,30, 31 Julie)
R 180 - Gala-aand (2 Augustus)
R 100 - Kuieraand (3 Augustus)

Wikkel! Jy wil dit nie mis-loop nie!

Jansen vier Hemelvaart

Estlien Hartman

Hemelvaart word dikwels beskryf as Jesus Christus se terugkeer na die Hemel. Met die eerste oogopslag klink hierdie Sabbatdag nie soos 'n besondere feesvierende gebeurtenis nie. Die Here verlaat dan die Aarde en almal wie Hom lief het.

Hemelvaartsdag moet egter nie as 'n terugslag gesien word nie, maar as voorspoed vir alle Christene. In Johannes 14 staan daar : "Julle moenie ontsteld wees nie. Glo in God, glo ook in My. In die huis van my Vader is daar baie woonplek. As dit nie so was nie, sou Ek nie vir julle gesê het Ek gaan om vir julle plek gereed te maak nie."

Daarom moet ons nie terneergedruk voel op hierdie dag nie, maar die heerskappy van Christus ten volle herdenk.

Alhoewel Hemelvaart sedert 1994 nie meer 'n openbare vakansiedag in Suid -Afrika is nie, word dit steeds op talle wyses deur die land se inwoners gevier. Hemelvaartsdag by EG Jansen hierdie jaar was byvoorbeeld 'n besondere ervaring gewees, met dominee Barry Fourie van die EG-Gemeente wat 'n baie aangrypende boodskap aan die leerders en onderwysers oorgedra het.

Dus kan ons sê dat Hemelvaartsdag blymoedigheid by almal moet teweegbring, want dit is 'n teken dat die Here sal terugkeer na die Aarde en dat die Heilige Gees by ons teenwoordig is.

Al is dit nie meer n vakansiedag nie, behoort almal dit steeds as 'n Sabbatdag te respekteer op hul eie manier en nie die tema daarvan na te laat nie. In Deuteronomium 16:20 staan daar : "Jy moet alleen laat geld wat reg is. Dan sal jy bly lewe en die land wat die Here jou God vir jou gee, in besit neem."

Foto : Anoniem

JANSEN OPEDAG

JC Viljoen

Hoërskool Dr Eg Jansen se Opedag 2018 was n reuse sukses. Die onderwysers van Dr. EG Jansen het almal ‘’n groot bydrae gelewer tot die sukses van die aand. Die tema was Jansenopoly. Al die leerders van die skole wat ons besoek het, het elkeen hul eie Jansenopoly-bordspeletjie ontvang. Die gr.7’s is ook bederf met lekkernye en optredes van ons dramaleerders, ons koor en van ons mooie dames die Pom - Poms. Die gr.7 –leerders kon saam met hul ouers die verskillende klasse besoek.Hulle het ook relevante inligting van ons sport, kultuur en akademie ontvang deur die leerlinge wat op die aantreeblad tot hulle beskikking was. Hulle het n uitstekende video - opname gesien wat jou oortuig het dat Hoërskool Dr Eg Jansen die regte keuse vir jou is.

Foto : Anoniem

Foto : Anoniem

Jansen se Onvergeetlike Bybelete

Nicole Dembskey

Hoërskool Dr. E.G. Jansen het vanjaar weer hulle jaarlikse Bybelete aangebied. Die geleentheid was ‘n reuse sukses met die gewilde Jo Black as gasspreker E.G. Jansen se Bybelete is vanjaar op 18 April gehou en Jo Black was die gasspreker by die geleentheid.

Die Bybelete word jaarliks gehou na Paasnaweek, en voor Hemelvaart om die belangrike tyd op ons Christenkalender te herdenk. Die Bybelete is jaarliks so ’n gewilde funksie dat slegs ’n beperkte hoeveelheid kaartjies beskikbaar is en die funksie is jaar na jaar uitverkoop. Jo Black is nie net bekend vir sy fantastiese musiek nie, maar ook vir ‘sy storie wat hy met skoolkinders deel, met die doel om te inspireer. Jo Black het aan die begin van 2016 met ’n inisiatief begin om ’n groot impak op hoërskoolkinders se lewens te maak met sy “Be That Guy/Girl” - veldtog. Die gehoor op 18 April het met vewondering, afgryse en respek na Jo se boodskap geluister. Hy het tot dusver bykans 300 skole besoek waar hy die boodskap uitdra waar mense moet opstaan vir wat reg is en dat hulle moet vashou aan hulle geloof en morele waardes. Die motiveringsboodskap het oor meer as net een aspek gegaan. Hy wil vandag se jeug help bou aan ‘n positiewe houding - hy wil by hulle hoop skep en hulle inspireer. Hy het gesê dat ons die slegte dinge in ons lewe of die eienskappe waarvan ons nie hou nie, moet aanvaar en die beste daarvan maak. Jo het verder gesê dat ons ons medemens met liefde en respek moet behandel ongeag status, velkleur of agtergrond.

Dit is nie altyd maklik om met liefde teenoor mense op te tree wat jou te na kom of wil afbreek nie. Ons kan egter dink wat ‘n verskil dit sal maak indien meer mense in ons skool, ons dorp en ons land met liefde en respek teenoor mekaar optree.

Ruan spring die hoogtes in.

Duané Kitching

Ruan Bronkhorst is tans 'n leerling in graad 9. Hy het hierdie jaar aan die SA's deelgeneem aan hoogspring in die 0/15 ouderdomsgroep. Hy het reeds as 0/7 begin met atletiek op skool- en klubvlak. Sy persoonlike beste in hoogspring is 1.86m en in verspring is dit 6.86m. Ruan het al reeds aan vyf Skole SA - Kampioenskappe deelgeneem en aan agt Klub SA - Kampioenskappe. Atletiek is sy gunsteling sportsoort en krieket is sy tweede gunsteling sportsoort.

Mutaz Barshim, die huidige wêreldkampioen van Qatar, is sy rolmodel omdat hy hom inspireer om hoër hoogtes te bereik. As hy saam met enige atleet in die wêreld kon atletiek doen of in dieselfde span kon wees sal dit Usain Bolt wees. Die rede - omdat hy die “ultimate” atleet is. Die aanhaling wat hom die meeste motiveer is die volgende: "Train today shine tomorrow" en dus is sy raad aan enige voornemende atleet: " Respekteer jou Skepper, jouself, jou breier (coach) en jou opponente. Werk hard en geniet dit wat jy doen".

Gedurende Oktober 2017 het Ruan deelgeneem aan die OR Tambo Soncini Social Cohension Games by die Germiston - stadium. Tydens hierdie byeenkoms is hy gekies om Gauteng te verteenwoordig by die Tri-Colore Games in Italië. Hierdie byeenkoms word deur 142 lande van regoor die wêreld bygewoon. Hy het deelgeneem aan hoogspring, verspring en die 100m hekkies. Hy het ‘n goue medalje huis toe gebring en sy persoonlike beste van 1,92m gespring. Hierdie "mini - Olimpiese Spele" was in die vakansie vanaf 6 Julie 2018 in die dorp Regio Emalia in Italië gehou.

Om deel te wees van Skole SA's, Klub SA's en 'n gekose Gautengspan wat Italië toe toer is dit vir seker 'n riem 'n mens slegs op jouself staatmaak. Sy wenresep is harde oefening, toewyding en selfvertroue.

Ruan Bronkhorst tydens ‘n hoogspring kompetisie.

Foto : Frans Lombard

Mauritz Lottering tydens die ASA-Kampioenskappe.

Foto : Theresa Lottering

Mauritz – SA Atleet

Duané Kitching

Mutaz Essa Barshim is Mauritz Lottering se rolmodel. Baie mense sal dalk wonder hoekom , maar as jy weet wie Mauritz is, sal jy verstaan. Mutaz is die beste hoogspringer in die wêreld en Mauritz is kort op sy hakke. Dit is hierdie jaar Mauritz se derde keer wat hy Gauteng by die SA's verteenwoordig het.

Van Mauritz se laerskooldae af beoefen hy al hoogspring. Sy persoonlike beste is 2.00m. Hy doen graag atletiek, want dit is sy gunsteling sportsoort omdat dit 'n ndividuele sport is waarin

Dié hoogspringer is 17 jaar oud. Hy hou van verskillende dinge soos om saam met vriende te kuier en uit te gaan. Hy reis graag om plekke te verken. Naas hoogspring is sy ander passie musiek. Dit is vir hom lekker om verskillende instrumente soos kitaar te speel. Toekomsdrome is vir seker deel van sy planne en hy wil graag by Stellenbosch in regte gaan studeer.

"Everybody has talent but ability takes hard work"
- is 'n sêding wat hom daagliks motiveer en help om hoë hoogtes te bereik!

Manie's Action Pic's
SKEPPENDE KUNSTE
KAMER 8
Manie's Action Pic's
FG JANSEN
www.egjansen.co.za

H
O
K
K
I
E
Juandre Barnard (K)
Marco Meyer
Jeandre Nel
Cameron Marx
Anthoney de Beer
Julian Hoffe
Edrich Oosthuizen
Stefan Gouws
JP Cloete
Nelco de Jager
Divan Lategan
Quitin van Deventer

T
E
N
N
I
S
Ewalt Kriek (K)
Jacques Steyn
Damian Oosthuizen
Dian Claassen
Julian Pretorius
Rochelle Malherbe
Avé Nortje
Chante Vosloo
Rochelle Le Roux
Lorraine Grevenstein

RUGBY

Dylan Schwartz (K)

Dian Coetzee (OK)

Wesley Noëth (K)

Blaine Nue

Benjamin Piek

Brandon Becker

Lesley October


Garren Morris

JB Barnard

Darren Timmins

Emile Welgemoed

Robin Alexander

Duane Bloem

Ruan Swart

Xander Schwarzer

Craig Hutchison


Aurelio Philander

Dian Coetzee

Tylon Kotze

William Scheepers

Brandon Pienaar

Jason Gregory

Franco Enselin

Damian Watters


Kyle Potgieter

Stephan Pretorius

NETBAL

Kara Momberg (K)

Jacky Louwrens (OK)

Lindi Jacobs

Kayla Venter

Claudia Janse van Rensburg

Zonique Martin

Heidi Zellhuber

Karin du Plessis

Desonia van Rooy

Lizzy Botha

HOKKI

Tenika Kriel (K)

Charleen du Plessis

Cheney Minnie

Anél van Zyl

Jeanine Harmse

Shané Herbst

Bianca De Wet

Velana Gouws

Sharné Strydom

Nadia Pretorius

Belinda van Aarde

Tinyana Sholts


Dinieke Jacobs

Simoné Bence

Bernice Swartz

Chanelle Miller

Danyelle Jacobs

Hokkie : TuksReeks en Liga wenners

Danielle Fourie

Die volgende hokkiespanne het aan die TuksReeks asook die Liga deelgeneem: 0/14 A en B; 0/15 A en B, 0/16 A en B die Tweede en Eerste dogterspanne en laaste maar nie die minste die Junior Seunspan en Senior Seunspan.

In die Tuksreeks het die 1ste dogterspan derde geëindig, die 0/14A - dogterspan het ook derde geëindig sowel as die 0/14B – dogterspan.

Die volgende spanne het in die liga die volgende plekke behaal: Die Senior Seunspan was vierde en die 0/14A - dogterspan 2de. Die Junior Seunspan, die 1ste dogterspan en die 0/14B - dogters het hul liga gewen.

Ons kan met trots sê dat al die hokkiespanne ons skool se naam hoog gehou het deur algeheel tweede uit agt skole te eindig.

'n Foto wat geneem is by die Lughawe tydens die Valke se vertrek. Drie lede was reeds in Paarl.

VLNR : D. Schwartz , W. Noëth , D. Coetzee en D. Coetzee. Foto geneem deur Vera Visser.

Pom-poms

Die pompom – meisies van 2018 het nie net pragtig op die rugbyveld vertoon nie, maar het ook terug gegee aan die gemeenskap.

Hulle is werklik 'n groep dogters op wie ons trots kan wees en het te alle tye die skool se naam hooggedra.

Hulle het fondse gedurende die 2018 seisoen ingesamel vir kanker, ons eie behoeftige leerlinge en ook vir 'n bederfie vir ons koshuisseuns.

Die dogters beplan ook om weer in 2018 kersbokse te maak vir mev. Carike Pretorius en haar "under his covering" - projek. Die bokse word dan gedurende November 2018 uitgedeel aan verskeie groepe waar dit benodig word.

Baie dankie aan elke pompom –meisie en elke Jansen –ouer wat 'n bydrae gelewer het. Dit word opreg waardeer. Ons beplan om in 2019 'n nog groter bydrae in die gemeenskap te lewer.

Jansies gaan Cravenweek toe.

Duané Kitching

Die Coca-Cola Cravenweek vind hierdie jaar by Hoër Jongenskool Paarl, beter bekend as Paarl Boys High, in die Paarl plaas. Van 9 tot 14 Julie gaan sewe 0/18 Jansen - rugbymanne, ons verteenwoordig in die Valke Cravenweekspan.

Die seuns is : W. Noeth , L. October , D. Schwartz , G. Morris , D. Coetzee (gr.12) , D. Coetzee (gr.11) en A. Phillander. Wesley Noeth is ook as kaptein van die Valke Cravenweekspan aangewys.

Die skool is baie trots op die seuns wat die deursettingsvermoë getoon het om op te daag by al die proewe en wedstryde wat gespeel is. Weereens 'n bewys dat harde werk.beloon word.

#jansenrugby

'n Droomspan

Henk Top

'n Droom word uiteindelik waar vir 'n droomspan. Vandat die onder 16B - rugbyspan twee jaar gelede as 'n span begin saamspeel het, het daar elke seisoen iets ontbreek. Elke jaar het hulle skoonskip gemaak in al hul wedstryde net om oor die laaste hekkie te struikel. In 2016 as 0/14's het hul daarin geslaag om deur te dring na die semi - finaal van die Tuksreeks net om toe naelskraap teen Rustenburg te verloor. In 2017 vorder hul tot in die finaal en verloor toe hartverskeurend teen Transvalia in die doodsnikke van die westryd. In 2018 maak hul seker en wen Garsfontein oortuigend in 'n pragwedstryd van passie en talent. Wat die oorwinning nog meer spesiaal maak, is dat dit die laaste Tuksreeks is wat gespeel is. Vandat die span begin saamspeel het, was dit duidelik dat daar iets spesiaals aan hierdie span is. Behalwe vir hope talent het hierdie span altyd met integriteit en ware sportmangees gespeel. Die wenmotief was nooit hul eerste prioriteit nie, maar hulle het eerder gefokus op sportmanskap en respek vir mekaar en hul teenstanders. Hierdie span het verder ook voortgebou op hierdie prestasie in die Verseker - beker deur sover al hul wedstryde te wen en een gelykop te speel. Hierdie span sal voorwaar onthou word as een van die suksesvolste spanne van EG Jansen.

0/14 Jansie-Kuikens kraai koning

Die 0/14 span

Op 2 April 2018 vertrek ons 0/14A - rugbyspan na Naboomspruit vir die jaarlikse Mauritz Hansenweek. Ons was 2000 rugbymanne, 84 spanne en 32 skole. Baie opgewonde het ons vertrek, maar ook bang vir dit wat op ons wag.

Tydens die rugbyweek het ons paar wedstryde gespeel. Op 3 April speel ons teen Piet Potgieter en wen 51/0. Jaydon Bantom is aangewys as die speler van die wedstryd. 5 April speel ons teen HTS John Vorster en wen 60/5. Die speler van die wedstryd was Corné Venter. Ons span is beslis 'n span om dop te hou. Ons dring deur na die finale op 7 April en wen Oos-Moot met 22/7. Juan Jerling is as speler van die wedstryd aangewys .Ons word as die 0/14 - trofeewenners van die Mauritz Hansenweek aangewys. Jaydon Bantom word as die die beste 0/14 - speler van die toernooi aangewys.

Dit was 'n" awesome" toer. Ons het hard gespeel en lekker bande gebou. Dankie mnr Lerm, mnr Anton en coach Essa vir al die afrigting en "fiksheid". Dankie aan al die borge wat ons ondersteun het. Dit was vir seker 'n toer wat ons nie gou sal vergeet nie!

o/14-speler van die week: Jadon Bantom en Mnr. Rudolf de Vos

Jansen verf Pretoria ROOI

Duané Kitching

Waterkloof sal nooit weer dieselfde wees nadat Jansen se netbalmeisies tydens die Aprilvakansie , Pretoria rooi geverf het nie. Die Klofie-toernooi (31 Maart – 4 April) is nie gebaseer op hoeveelste jy eindig nie, maar om elke speler speeltyd te gee. Elke span het ongeveer 3 en 4 wedstryde per dag gespeel. Die toernooi het oor 4 dae gestrek waartydens 836 netbalwedstryde gespeel is deur meer as 'n 1000 meisies van regoor die land.

Die 0/14A - span het onder andere die volgende skole gewen : Potchefstroom Gimnasium , Noord-Kaap Lydenburg en Centurion. Die telling teen Prestige College was gelykop.

Die 0/15 A-span het Ben Vorster, Prestige College, Potchefstroom Volkies , Brackenfell en Voortrekker ore aangesit. Hulle wen Brackenfell met 'n telling van 22-5 en verloor 'n harde wedstryd teen Waterkloof met 'n telling van 16-18. Tydens die Klofie-Toernooi het die 0/16A -span 10 uit 12 wedstryde gewen. Hulle wen skole soos Potchefstroom Gimnasium met 'n naebyttelling van 15-14. Die ander skole wat hul gewen het, was Sentraal, Paarl Meisies , Voortrekker , Waterkloof , Bloemhof , Duineveld en Overkruin. Hulle verloor ongelukkig 'n harde wedstryd teen Hoërskool Menlopark met ''n telling van 12-18.
Die 0/17 netbalspan het baie harde wedstryde gehad teen top netbalskole. Hulle het met elke wedstryd net beter en beter gevaar. Die wedstryd wat die afrigters se senuwees klaargehad was teen Hoërskool Centurion met wat hulle dan ongelukkig met ''n telling van 19-16 verloor het..
Die eerstespan het onder andere die volgende skole gewen : Hugenote (Wellington) met 30-15, Overkruin met 41-22 en Prestige College met 27-22. Hulle borge is Gooi Kole , TW Profile , Mokopano , Sport Edge , Wimpy en Eastern Hydraulics – baie dankie aan een en elkeen van ons borge.
Die afrigters van die onderskeie spanne was Tizanne Fullard, Charnel Snyman , Adel du Toit , Shannon Botha en Jennilee Delport.

Pretoria sal beslis nie weer dieselfde wees nadat Jansen hul beste gegee het in elke wedstryd nie. Die Jansies sal beslis weer in 2019 aan die toernooi deelneem.

Eerste span lede met hul breier se baba.

Jansen Netbal-Afrigters

0/14 Netbal span Foto : Anoniem

0/16 Netbalspan Foto : Anoniem

Skaakmat

Juf. Johanita Nieuwenhuizen

Die tweede kwartaal is 'n baie besige tyd in die lewe van 'n skaakspeler!

Die Tuksreeks is hierdie jaar in Nelspruit gehou. Die toernooi het oor drie dae gestrek- van 23 tot 25 April. Die eerste twee dae was die wedstryde 70:70 en die laaste dag was dit 90:90 – voorwaar 'n lang tydperk om te konsentreer! Dit het goed gegaan met die skaak – algeheel 10de plek behaal.

Op 23 Mei 2018 is die laaste Ligawedstryde gespeel. Die Boksburg-afdeling bestaan uit EG Jansen, Oosterlig , Elspark , Sunward Park High en Thuto Lesedi. EG Jansen neem deel aan die 0/18 - afdeling sowel as die 0/15 - afdeling. Gemengde welslae is behaal en daar word gewag om te hoor of die spanne deur is na die Distriksfinale.

Die skaakspelers nooi almal uit om tydens die langpouse op 'n Donderdag aan die skaakuitdaagwedstryde op die groot skaakbord in die klein vierkant deel te neem. Daar is eke keer 'n stewige prysgeld op die spel.

Jansen-rose blom in Bloemfontein

Tenika Kriel

Die 0/19 - hokkiemeisies het tydens die Aprilvakansie in 'n toernooi gespeel by Oranje Meisieskool – Bloemfontein. Die wedstryde het 5 - 9 April plaasgevind. Tydens die toernooi het hulle vier wedstryde gespeel waarvan hulle twee gewen het. Daar het 18 skole deelgeneem onder andere Oosmoot , Voortrekker en Hoërskool Bethlehem.

Die kaptein, Tenika Kriel, is aan die einde van die toernooi gekies om in een van die uitnodigingspanne te speel en die afrigter mnr. Eon Thiart is gekies om een van die spanne af te rig. Daar is 'n toerspan uit die spanne gekies, maar ongelukkig het niemand van Dr. EG Jansen die span gehaal nie.

Tussen die wedstryde deur het die seniors van dié span: Tenika Kriel , Dinieke Jacobs , Velana Gouws en Belinda van Aarde die voorreg en pret gehad om hulle junior - hokkiebokkies te ontgroen en hulle te verwelkom in hulle 'n nuwe familie.

" Die toer was ongelooflik lekker, ons span het mooi as 'n eenheid saamgekom. Ons motiveer mekaar om net elke dag beter te presteer in alles wat ons doen."

Die Eerste hokkiespan Foto : Anoniem

Netbal

Mia Burger

Netbal is lankal nie meer 'n nie-kontak sport nie en die netbaldogters van ons skool sal 100% saamstem. Die harde seisoen wat die dogters ervaar het en alles wat hulle ingesit het, het tot 'n suksesvolle seisoen gelei. Dit begin alles by die afseisoen aan die einde van die vorige jaar waar hulle voorberei vir die nuwe seisoen. Die Tuksreeks is die eerste reeks van die jaar waaraan EG se netbal deelneem. Dit is 'n baie harde reeks. Die dogters speel elke Saterdag wedstryde teen baie sterk skole. Daarna volg die liga wat op Donderdae middae plaasvind. Die liga se top 3 beste spanne dring deur na Gauteng en dan volg die SA's – alles vind plaas by EG Jansen.

Die dogters het baie goed presteer in hulle liga waar die 0/15B en 0/16C (Die 0/16C's was al vir 3 jaar in 'n ry ligawenners) ligawenners was. Die naaswenners: 0/14C, 0/14B, 0/15A, 0/16A, 0/16B. Daar het drie van die vyf A-spanne deurgedring na Gauteng, die 0/14A, 0/15A en 0/16A.

Dit was 'n baie suksesvolle seisoen vir Jansen se netbal.

In die Aprilvakansie het die dogters op 'n toer gegaan waar hulle die jaar vir die eerste keer aan die Waterklooffees deelgeneem het. Die toernooi het plaasgevind by H/S Waterkloof in Pretoria, dit was vanaf 31 Maart tot 4 April. Daar het skole van regoor die land deelgeneem en die dogters het die toernooi vreeslik geniet.

Tydens die Julievakansie vind die SA's plaas by EG en beste netbaltalent word gesien word as die provinsies teen mekaar uitspeel. Ons is baie trots op die dogters: 0/14 - Michelle Vorster, 0/15 - Charne van Vuuren, Aphelele Mgoza, 0/17 - Desonia van Rooi en 0/18 - Jackie Lourens wat Gauteng - kleure behaal het.

Ons netbal direkteur Jenny-Lee Delport kan baie trots wees op al die dogters en al haar en die afrigter se harde werk. Ons sien beslis uit na die 2019 seisoen.

Klein botteltjies groot gif!

Duané Kitching

Ons kondig met trots aan dat daar 15 0/16 - leerders van Jansen ingesluit is in die Valke se Cravenweek - spanne vir 2018. Die **0/16 -Grant Khomospan** het 1 – 6 Julie by Hoërskool Diamantveld in Kimberley gespeel.Jason Edwards, Keegan Balfour, Kyle Benadie, Louis de Bruin, Werner Groenewald, Kyle Pepler en R. Pretorius is ingesluit in die span. Louis is ook as kaptein van die span aangewys. Hulle wen 2 uit hulle 3 wedstryde in Kimberley.

Op 2 Junie het ek onderhoude gevoer met twee lede wat tot die span verkies is.

Die uitgetrede rugbyspeler Richard Hugh McCaw of beter bekend as Richie McCaw is volgens **Louis de Bruin** die beste kaptein in rugby geskiedenis. Behalwe wen is dit vir Louis baie lekker om bo-oor iemand te hardloop tydens 'n wedstryd en deur die tonneltjie te hardloop en te weet dat mense hom en sy span ondersteun. Hy speel tans binnesenter en as tweede posisie speel hy graag skrumskakel. As hy 'n reël kon wegvat of bysit sou hy strafskoppe wat onnodig is wegvat omdat rugby 'n harde sport is en as hulle vir elke klein dingetjie blaas maak dit die wedstryd sag. Geloof en ondersteuning is die belangrikste vir hom want hy sê: "Wie sal jou opbou as jy afgebreek is, en sonder geloof gaan jy die pad byster raak, want dit is jou padkaart in die lewe." Louis wil eendag vir die Blitzbokke speel en as hy die kans kry wil hy graag oorsee speel vir Toulouse of Toulon in Frankryk. Sy held is Francois Hougaard en hy vrek oor komedies omdat hy nie hou van" boring" wees nie. "People will stare, make it worth their while," - is een van sy gunsteling aanhalings omdat hy graag mense verkeerd wil bewys.

Kyle Benadie het al plus minus 200 750 skoppe in sy lewe geskop en speel dus losskakel. Dit is sy derde keer wat hy vir die Valkespan gekies is. Stil en op sy plek en hy glo "practice makes perfect"- daarom oefen hy baie. Hy wil graag Thor wees sodat hy die weer kan beheer tydens 'n wedstryd of Flash sodat hy vinnig toetse kan steel en banke beroof. Hy is gek oor 60's en 80's musiek en sy gunsteling liedjie is The Chain deur Fleetwood Mac op die album Roomers. Hy hou ook nie van die politiek, verkragting en misdaad in Suid-Afrika nie en hy ook nie daarvan as mense vir hom jok nie. Vir hom is dit die belangrikste dat jy voor 'n wedstryd in jouself moet glo en tydens die wedstryd hard moet werk en gemotiveerd moet bly.

Ek haal die woorde aan van Kyle Benadie: "Shoot for the moon and even if you miss you will land among the stars" – die woorde wens ek vir elke Cravenweekspeler toe, Vlieg Hoog!

Z. Martin, J. Kruger, J. Redelinghuys, D. Vos, J. du Preez, M. Schoeman, M. v d Vyver, M.Venter, S.Diemieniet en J. v d Merwe is ingesluit in die **0/16 Doom Gouws Oosspan**. Hulle het vier wedstryde gespee naamlik teen die Luiperds ,Leeus (twee keer) en die Limpopo Blou-Bulle waar hulle drie uit vier wedstryde gewen het.

Op 8 en 9 Junie het ek onderhoude gevoer met drie leerlinge wat in hierdie span ingesluit is : Dylan Vos, Jaden du Preez en Jacques van der Merwe.

Volgens **Jaden** kyk hy al van kleins af rugby en so het hy 'n rugbyhart ontwikkel. Die oud-Monnasspeler speel regtervleuel (14) en heelagter (15). Vir hom is dit die belangrikste om tydens 'n wedstryd by die afrigters en die kaptein se besluite te bly en nie om die held te probeer wees nie. " You owe you," is sy gunsteling sêding, want hy sê as 'n mens nie eendag suksesvol is nie is dit niemand anders se skuld as jou eie nie. Jy skuld jouself. Alles hang van jouself af en van niemand anders nie. Hy het groot toekomsdrome en sy prioriteite oor vyf jaar is eerstens universiteit waar hy CA gaan studeer by Maties en natuurlik is rugby tweede op die lysie.

Dylan Vos speel linkervleuel (11) en gaan vir die tweede keer die Valke se rooi trui oor sy kop trek. Hy het in graad sewe vir die eerste keer Valke gespeel alhoewel hy rugby slegs van graad 6 af speel. Sy gunsteling speler is S'bu Nkosi omdat hy goeie verdediging en aanval "skils" het en omdat hy baie krag het. In sy vrye tyd oefen hy rugby sodat hy optimaal kan presteer. Sy held is Tylon Kotze omdat hy 'n goeie "vibe" na 'n span toe bring. Sy weakness is failure en hy sê vir elke rugbyspeler die volgende: "Hard work beats talent when talent doesn't work hard".

Jacques van der Merwe , skrumskakel (9), is die eerste keer vir die Valkespan gekies. As dit nie vir sy pa Jacques van der Merwe (Snr) was nie, sou hy nie rugby hierdie jaar gespeel het nie. Hy sê dat niemand anders 'n invloed op jou harde werk moet hê nie as jy self nie. Hy wil graag saam met Kyle Potgieter, Jansen se nr 10 in die 1ste span, in 'n Springbokspan speel of selfs vir die Blitzbokke. Hy speel skrumskakel daarom is Fourie du Preez sy held omdat hy die beste visie het wat hy nog by 'n skrummie gesien het.

Vir elkeen van hierdie manne is dit 'n groot eer om in die spanne te wees. Mnr Johan du Toit, beter bekend, as meneer Boela is dié span se afrigter. Baie geluk

Jaden du Preez. Foto : Manie's Action Pic's

Jacques van der Merwe. Foto : Manie's Action Pic's

Bo links : Louis de Bruyn agter die pale. Foto : Manie's Action Pic's. Bo regs : Die regtervleuel , Dylan Vos Foto : Sport&Action Photography

LINKS : Losskakel, Kyle Benadie. Foto: Sport&Action Photography

Akademie-week

Kyle Potgieter as losskakel toe hy 'n drie gedruk het.
Foto : Manie's Action Pic's

Agsteman Franco Enslin teen Hoërskool Transvalia

Duané Kitching

Hierdie "Akademie-week" het niks met "akademie" te doen nie, maar EG Jansen is beslis deel van die Valke Akademie-week. Na vele rondtes van proewe is Jansen se losskakel, Kyle Potgieter en agsteman, Franco Enslin, in die Valke Akademiespan ingesluit. Franco was ook die Kaptein. Hulle het Border en die Griekwas verslaan, maar ongelukkig teen SWD verloor. Die Valke span het die beste presteer uit al die 0/18-Valke spanne.

"Effort is between you and yourself, and nobody else", is die leensmotto van agtsteman, Franco Enslin. Hierdie woorde beteken vir hom dat hy altyd sy geloof moet opskerp, want hy kan niks doen sonder Jesus nie. Ons kan sien dat sy geloof 'n groot rol speel op en af van die rugbyveld. Hy is bevoorreg om vir die vierde keer 'n Valketrui oor sy kop te trek, graad 6 was reeds sy eerste keer! Hy streef daarna om soos Kieran Read, van Nieu – Seeland, rugby te speel. Rugby is sy passie. Hy sal graag eendag saam met Duane Vermeulen wil uitdraf in 'n WP-wedstryd. Vir Franco is dit die lekkerste om by die Jansentonnel uit te draf en ook om 'n drie te druk en om sy span se naam hoog te hou.

In 2014 het hy sy huis verruil vir die Sharks Akademie se koshuis, maar vanjaar het hy die groen en rooi verruil vir ougoud, rooi en swart. Vir die voormalige Glenwood rugbyspeler, Kyle Potgieter, is dit die eerste keer wat hy vir 'n Valkespan gekies word. As hy enige iemand in die wêreld kon ontmoet, sou hy graag Jesus wou ontmoet omdat hy baie vrae het. Sy gunsteling sêding is: "Life is not about withstanding the storm… it's about learning how to dance in the rain." Sy raad aan enige ander rugbyspeler is die volgende: "Moenie groter as die sport word nie." Sy grootste rugbyoomblik was toe hy laas jaar vir die Sharks gespeel het en die Leeus in die Grant Khomo - finaal gewen het.

Albei die leerlinge speel al van vierjarige ouderdom saam rugby. Hul liefde vir rugby is van kleins af deur hulle pa's aangewakker. Hulle het ook as spanmaats vir Laerskool Concordia rugby gespeel.

Nie net wil hulle uitblink in dié Akademieweek nie, maar het hulle ook groot drome vir hul toekoms. Kyle wil Besigheidsbestuur studeer en Franco, BComm-Informatika.

Mag jul toekomsdrome waar word en jul hoë hoogtes bereik deur julle Arendsvlerke te sprei.

Rugby is sy kos!

Duané Kitching

Selfbeheersing en nederigheid is twee woorde wat Dylan Schwartz, die onderhoofseun van Akademie, in ‘n japtrap opsom. ‘n Man van min woorde, maar met vele talente! Soos ons almal weet, val sport so reg in sy kraal. Atletiek, krieket, gholf en natuurlik rugby, is van die sportsoorte wat Dylan graag beoefen.

Reeds in Laerskool Kruinsig, het hy ‘n liefde vir rugby ontwikkel. Sy belangstelling wissel van 15-man rugby to 7’s, maar 7’s bly vir hom die lekkerste. Dylan het sy hoërskoolloopbaan in Kempton Park begin, maar het in Graad 9 ‘n Jansie geword. As 0/15-rugbyspeler het hy reeds in die finale van die Beeldtrofee vir die o/16 - span uitgedraf en hulle het ook daardie jaar die Beeldtrofee gewen. In 2016 het hy aan die o/17’s, Noordvaal 7’s - toernooi deelgeneem en daar ook die Noordvaal Beker gewen. In 2016 is hy in die Valke Grant Khomospan ingesluit sowel as die Valke 0/17 7’s - span. In 2017 is hy ingesluit in die Travel & Sport 0/19 - Noordvaalspan wat in die NSBC 7’s toernooi in Dubai gaan speel het. Hy was ook die 2017 Valke 0/17 se 7’s kaptein wat die Valke-Unie in Kimberley verteenwoordig het tydens die jaarlikse IPT’s.

In 2017 het Dylan ‘n besondere goeie rugbyjaar beleef deur as Graad - 11 leerling vir die skool se eerstespan te speel. Hy is as man van die wedstryd aangewys tydens die Blue Bulls Prestige - byeenkoms vir sy vertoning teen Hoërskool Voortrekker en het ook man van die wedstryd gekry teen Stellenberg by die Wildeklawer - toernooi. In 2017 het hy die eerstespan verteenwoordig in die Tuks –Finaal teen Monument en in die Vir seker - Beker semi-finaal teen Centurion. Hy is ook ingesluit die Valke Cravenweekspan en was ook die doelskopper vir die span. Hy is vir sy vertoning by St. Stithians College beloon deur opgeneem te word in die SA Skole Elite - groep.

In 2018 is Dylan weer verkies tot die skool se eerstespan. Hy kry weer die man van die wedstrydtoekenning tydens die Blue Bulls Prestige - byeekoms teen Hoërskool Frikkie Meyer. In die Noord-Suidtoernooi is Dylan as man van die wedstryd aan-gewys in ‘n wedstryd teen Paarl Gimnasium al het sy span in die wedstryd met ‘n verloor weggestap. Dylan het in die wedstryd ‘n driekuns van drieë behaal. Dylan word in 2018 weer tot die Valke Cravenweekspan verkies.

As jy na die wedstryde op School Sport Live, Noord-Suid – EG Jansen XV vs. Durbanville XV, 2017 op Youtube gaan kyk, sal jy sien dat geloof ‘n groot rol speel in Dylan se lewe. Hy glo dat as die Here eerste in jou lewe kom, sal die res self in plek val.

Sy wenresep is om altyd positief te bly en nie negatief te raak nie. ‘n Mens bly tog mens en al gebruik jy jou talente, kan ‘n mens nie perfek wees nie, daarom is doelgerigtheid en opregtehid ook baie belangrik vir hom. Sy raad aan enige opkomende rugbyspeler is dus om hard te werk vir dit wat jy wil hê. Op ‘n ligter noot, Dylan haat dit om sy kleintoontjie te stamp en sy gunsteling tydverdryf is ‘popcorn en movies’. Hy het enorme toekomsdrome wat insluit : ‘n studierigting by Tukkies in Pretoria terwyl hy ook by die Blou Bulle - Unie gaan aansluit in 2019.

As hy een wens kon kry, sou hy Suid-Afrika verander in ‘n beter plek waar niemand mekaar afbreek en verneder nie.
Al hierdie prestasies definieer volgens my, nie ‘n persoon nie, maar om nederig te bly met so ‘n rits prestasies agter ‘n mens se naam, wil gedoen wees. DIT wys karakter!

“When you change your believe from limited to unlimited your potential is unlimited”

BO : Noord-Suid man van die wedstryd.

Foto : Anoniem

REGS : Cravenweek 2017

Foto : Frans Lombard

Dylan besig om te bid. Foto : Frans Lombard

Xander is reg vir Reitz!

Duané Kitching

Volgens Jurie Roux, die Suid-Afrikaanse Rugby CEO, vier die Cravenweek hul 150ste herdenking daarom is dit vir Xander Schwarzer, 'n graad 11 - leerling, 'n groot eer om deel van hierdie geskiedenis in Suid-Afrikaanse rugby te wees.

Tydens die Valke - proewe is hy verkies tot die 0/18 - Reitzspan wat gedurende die Julie-vakansie in die Vrystaat gaan speel.

Xander is 'n ekstrovert en 'n "go with the flow" - tipe-mens en meisies die pad na sy hart is deur McDonald's!

" A Lion never eats grass, even if hungry. So, never settle for a mediocre life even if no other option. Work and wait, you shall get your due" - na aanleiding van die aanhaling assosieer Xander homself met 'n leeu, nie omdat hy sy eie prooi vang nie, maar ook omdat hy werk vir dit wat hy wil hê.

Hy glo: "Your future takes presidence over your past," daarom gee hy sy beste. Hy wil in die toekoms BA-Regte by NWU-Pukke in Potchefstroom gaan studeer. Hy sal eendag graag in Dubai wil bly omdat daar geen misdaad is nie. Sy gunsteling rugbyspeler is Sonny Bill Williams van Nieu-Seeland . As hy saam met iemand anders kon rugby speel, wil hy graag saam met die Boksenter - Jan Serfontein - speel.

'n Wit Bentley , Drakemusiek in die agtergrond, Gucci - klere en ‘n paar Adidastekkies en selfvertroue is volgens Xander die sleutel tot sukses.

Xander in aksie teen Transvalia.
Foto : Frans Lombard

Jansen ster!



Jacqueline Louwrens is tydens die vakansie gekies vir die Nasionale 0/18 netbalspan.

Webb-broers boks hul weg oop.

Duané Kitching

As jy wonder waar is Tristan en sy broer Cayden , is die kans goed dat hulle oefen of op pad na ‘n oefening is. Cayden Webb, 'n graad 10-leerder, het hierdie jaar vir die tweede agteropeenvolgende jaar die Ekurhuleni - Bokskampioenskappe gewen. Die bokstoernooi is op die 26 Mei by die Bert Collins - Boksklub in Springs gehou. In Augustus word die Gauteng - Kampioenskappe gehou waartydens Cayden die Ekurhuleni-span sal verteenwoordig.

Tristen Truter- Webb beoefen vanaf graad 8 boks as sport. Op Saterdag , 9 Junie, het hy sy vierde professionele boksgeveg gewen. Op Youtube onder SA Boxing Talk kan ons sien dat Tristan baie selfvertroue het en dat sy grootste kompetisie volgens hom - homself is.

Hy assosieer homself met 'n skerpioen, want sodra skerpioene in groepe is, sal hulle mekaar nooit in die rugsteek nie, maar hulle sal hulle opponente in die oë kyk en hul doodmaak. Tristen se raad aan jong, opkomende boksers is die volgende: Lewe voluit, hou op om alles te oordink, want jy lewe net eenkeer en die belangrikste - neem die régte besluite! Hy sê ook dat 'n mens elke dag vir jouself 'n mikpunt wat positief is, al is dit iets kleins, moet stel sodat jy voel dat jy iets bereik het.

Hierdie twee boeties is ook boesemvriende wat mekaar elke dag 110% ondersteun, of dit in die bokskryt of by die skool is. Een ding is vir seker hierdie twee broers is twee jong manne om dop te hou!

Links : Cayden aangewys as wenner. Foto : Anoniem

BO : Tristan besig met ‘n geveg. Foto : Christo Smith Photography

Toe moes ek groet

Tristran Janse van Vuuren

Wanneer jou vel myne raak, skiet vonke van elektrisiteit deur my lyf. My gedagtes dans na ‘n ander plek. ‘n Plek so onverklaarbaar dat dit moeilik is om woorde te kry wat dit beskryf. Dit is ‘n plek waar ek altyd wil bly. Jy laat my voel soos niemand al het nie.

Ek was menigmaal die oorsaak van my pyn en ek het al baie geskree oor ‘n glas wyn, maar dit was anders met jou. Totaal anders. Ek was lief vir jou. Werklik lief. Ek het jou maniertjies begin aanleer. Die manier waarop jy praat en die manier hoe jy optree.

Ek het my alles vir jou daargesit. Ek het al oor jou gehuil en ek het al oor jou gesing. Ons het oor meer gepraat as net die weer.

Ek wil jou hand vashou en jou soen. Ek wil jou liefhê sonder dat enige iemand vra hoekom? Ek wil saam met jou wees.
Ek wil jou heeltyd “engel” en die pragtige glimlag op jou gesig sien as jy na my kyk. Ek wil onmoontlik baie kere vir jou sê wat ek vir jou voel, want dit is onbeskryflik, nes jy.

Ek kan sonder twyfel sê – Ek is lief vir jou. In elke vrou is ‘n klein dogtertjie. ‘n Dogtertjie met pienk gumboots en rooi lippe. Maar dit was toe die wêreld eenvoudig was; toe keuses nog maklik was. ‘n Mens raak verlief op daardie klein dogtertjie in elke vrou. Die sagte, onskuldige kant van haar glimlag. Die dieper-in-jou-arm-kruip-gevoel, want dit is koud. Die asseblief-my-lief-oomblikke. Elke vrou wag om gehaal te word, want elke dogtertjie kort daardie beskerming van ‘n man. ‘n Man wat bose drake sal verslaan. Vir jou sal veilig hou. Vir jou sal ek aanhou weg. Niks sal my ooit kan onderkry nie. Niks sal my kan wegkry nie. Een keuse bly staan, en dit is om jou lief te hê. Vir ewig en altyd.

Maar…

Dit bly ‘n raaisel hoe ‘n mens so maklik kan vergeet. Verwyte klink soos die beste geweer, maar dis nie regverdig teenoor die ander party wat aanhou probeer nie. Jy vrees die onvermydelike situasie wat eintlik lankal latent gelê en sluimer het.

As jy nie jou sin kry nie, beweeg jy aan, en ek – stelselmatig agteruit. Ek sê vir myself: “Ry in ‘n ander baan”. Ek soek nou nie meer na ware Noord nie, maar eerder Suid. Ek dink steeds aan jou, maar nie so gereeld nie.

Jy, my skat, was my daaglikse koppie koffie, maar ek het geleer om dit te vervang met tee.

Thailand 2018

Op die toer het hulle hulle gate uit geniet en hulle hoop dat so iets sommer vining weer sal gebeur!

Die Gasvryheidstudente het hierdie jaar ‘n opvoedkundige toer na Puket, Thailand vanaf 31 Maart tot 8 April meegemaak. The Best Weslen Hotel Koran was hul nuwe tuiste vir die volgende 9 dae. Die hotel was slegs ‘n straat weg van die strand waar hulle hulle dae deurgebring het. Soggens het hulle ‘’n heerlike ontbytbuffet geniet en in die aande ‘n driegang maaltyd!

Die toergroep het verskillende markte besoek wat uit baie stalletjies bestaan het met vars seekosse en klere. Die Sea Turtle Rescue Centre het vir hulle gewys hoe hulle die skilpaaie red en waarom hulle die skilpaaie red. Die rede is doodeenvoudig - Inwoners van die eiland eet die diere. In Thailand het hulle ook ‘n Bhoedisme tempel besoek. Omdat daar monnike was mag hul knieë en skouers nie gewys het nie. Hier het hulle kultuurryk geword en meer geleer oor Bhoedisme en alles wat daarmee gepaardgaan. By die Khoilak Olifantpark het hulle op olifante gery en met hulle gespeel. Na die pret en plesier moes hulle gebad en gevoer word.

Met ‘n bootrit het hulle Phi-Phi Eiland besoek en ‘n dag van son, see en somer geniet. Volgens Nicole- ’n toerlid - het hul lekker geswem en op die strand baljaar. Daar was ‘n afgebakende area waar hulle kon snorkel en na die verskillende korale kon kyk- dit was blykbaar pragtig!

Avontuurlistige Alyssa

Duané Kitching

Om gemotiveerd te bly en gereeld te oefen is vir Alyssa Botha die belangrikste wanneer dit by atletiek kom. Van die ouderdom van 10 af beoefen Alyssa verskeie sportsoorte.

Gedurende die atletiekseisoen doen sy hoogspring en 100m. Haar gunsteling is die 100m omdat dit vir haar die opwindendste is!

Sy doen graag atletiek omdat sy haar talente wil gebruik sodat sy elke seisoen net beter en beter kan doen. Sy glo dat jy nie altyd hoef te wen nie - as jy jou beste gee is dit genoeg! Deur elke seisoen en selfs voorseisoen te oefen, sal goeie resultate toon .

Volgens Alyssa is die wenresep vir elke atleet om te onderskei tussen jou swak- en sterkpunte. As 'n mens op jou swakpunte fokus, kan jy elke dag daarop verbeter.

Tydens 2018 se atletiekseisoen het Alyssa net soos Mauritz Lottering en Ruan Bronkhorst deurgedring na die SA-Atletiekkampioenskappe. Hierdie jaar was haar derde keer by SA's. Sy het 'n algehele 11de plek behaal met 'n hoogte 1.6 m.

Alyssa is lewenslustig en hou van avontuur daarom is die 100m haar kos. Naas atletiek geniet sy dit om tyd saam met haar vriende deur te bring.

Op 15-jarige ouderdom is dit definitief 'n voorreg om vir die derde keer deel te neem aan SA-kampioenskappe.

"Those who don't jump, won't fly!" Na aanleiding van die sêding weet ek dat Jansen se hoogspringatlete beslis hul arendsvlerke gebruik om hoër hoogtes letterlik en figuurlik te bereik !

Foto : Anoniem

Hartskamers:

Tristen Jansen van Vuuren

Diep ontroerende woorde
Val
Sag
Tot in dié diepste kamers van my hart
‘n Pynlike hartomlyning
Vir die verwaarlosing wat liefde toevoer na my hart.
Die eens verganklike spier
Wat hopeloos geklop het
Nou ‘n matige masjien
Wat lewe deur my hart stoot

Nog een keer

Tristen Jansen van Vuuren

Ek wonder.
Ek wonder weer
en nog ‘n keer
waarom jy sommer
so kan sê -
“Haal net asem skat”
so asof die aarde
nie stil – stil, stuk
vir stuk,
hals-oor-kop
besig is om my
volgende in te
sluk nie

Maar ek tel my
kop op
vee my trane
weg,
vee die gedagtes
van jou
vanuit my hart
en ek haal asem
Net nog een
Keer

En dan eenkeer
meer

JANSIERAAD 2018

NOOT VIR NOOT – AAND

16 JUNIE- Voorwaar ‘n aand van “great memories”. Die lekker saamkuier het beslis tot die vorming van heelwat nuwe vriendskapsbande gelei. ‘n Aand van lag, dans, sing en net “letting down your hair” – was beslis wat ons almal nodig gehad het. Beslis ‘ n funksie wat weer in die nabye toekoms sal plaasvind.

Baie dankie aan elke Jansieraadlid en ouer wat die aand ‘n sukses gemaak het. Julle positiwiteit en harde werk word waardeer. Niks was ooit te veel om te doen of te gee nie.





bongani rainmaker
LOGISTICS

tel. +27 11 452 3625
fax. +27 11 452 2489

A SOLUTION
JUST FOR YOU

WE CREATE CUSTOMISABLE
DISTRIBUTION CENTRES
... that serves both you and your customers

Bongani Rainmaker
PERFECTING DELIVERY